**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 0 1 0 9 0 3 2 4 6 | 98.6 | 12699 |


DIE BURGER Jg. 70 Nr. ........ P. 12 Dat. 85 9. - 3.

# Eise weens onrus styg skerp

EK 12

**DIE stortvloed van versekeringseise weens die onrus in swart woongebiede is besig om die vermoë van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsvereniging (Sasria) se fonds om moontlike verliese van die handel en nywerheid te dek, ernstig te knou.**

**Nagenoeg die helfte van die geraamde jaarlikse premie wat nou deur Sasria ontvang word, is uitbetaal aan versekeringseise wat die afgelope tien maande altesame meer as R40 miljoen beloop het. Ongeveer R35 miljoen hiervan was regstreeks toeskryfbaar aan onrus in swart woongebiede.**

"Sasria se huidige premie-inkomste word verkwis op eise wat oor die algemeen taamlik klein is. Dit is egter verontrustend dat die noodsaaklike opbouing van die fonds om moontlike verliese van die handel en nywerheid te dek daardeur in die wiele gery word," het mnr. Don Gallimore, uitvoerende direkteur van Priceforbes Federale Volkskas (PFV), gesê.

Mnr. Gallimore, wat ook voorsitter van die SA Versekeringsmakelaarsvereniging se Sasria-skakelkomitee is, het gesê dit is van die grootste belang dat die groot premies wat die handel en nywerheid aan Sasria betaal, verder beskerm word.

"Die klaarblyklike manier om die nodige beskerming te bied is om 'n vorm van differensiële premietariewe te gebruik ter vervanging van die huidige metode waarvolgens alle residensiële eiendom, net soos nywerheids- en handelseiendom, ongeag die geografiese ligging daarvan, teen dieselfde tarief verseker word."

Selfs al was 'n noodtoestand nie verklaar nie, sou Sasria sekere stappe moes doen in die vorm van 'n wagtydperk voordat dekking in werking tree in die geval van nuwe aansoeke, of deur tariewe te verhoog, of albei.

Mnr. Gallimore het gesê dat persoonlike ongeluk-polisse individue teen dood of ongeskiktheid beskerm, maar die meeste sluit beserings weens opstand, rebellie of rewolusie uit.

**TREFWOORDE**

1. Sasria
2. Statistieke
3. Stygings
4. Eise
5. Verliese
6. Opstande
7. Stedelike Swartes
8. Premies
9. 
10. 